

Versoek vir ondersoek deur 'n patoloog of laboratorium

(Insluitend 'n dokument vir ingeligte toestemming vir MIV-toetsing)

Polisnommer

Lidnommer*

Groepnommer* (*Vul in vir FundsAtWork)

1: Besonderhede van versekerde lewe

Naam van versekerde lewe	<input type="text"/>		
Permanente identiteits-/paspoortnommer	<input type="text"/>	Permanente identiteitsnommer	Ja <input type="checkbox"/> Nee <input type="checkbox"/>
Geboortedatum	<input type="text"/>		
Telefoon nommer	<input type="text"/>	of	<input type="text"/>
Naam van finansiële adviseur	<input type="text"/>		
Finansiële adviseur kode	<input type="text"/>	Makelaarhuiskode	<input type="text"/>
Makelaar kontak nommer	<input type="text"/>	of	<input type="text"/>

Geagte Kollega

Momentum, 'n deel van Momentum Metropolitan Lewens Beperk versoek die patoloog of die laboratorium om die toetse wat hieronder gemerk is en gemagtig is deur die versekerde lewe in die aangehegte voltooide toestemmingsvorm, uit te voer. Verder word versoek dat die patoloog of laboratorium die onderskrywing departement en mediese afdeling van Momentum van die toetsuitslae voorsien.

Om deurgaans vertroulikheid te verseker, volg asseblief die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Spaar en Beleggings (ASISA) se MIV-protokol deeglik wat van tyd tot tyd gewysig mag word op aanbeveling van die MVA. Betaling geskied volgens die vaste Momentum tariewe.

Vriendelike groete

Myriad onderskrywing

Item no.	Toets	Item no.	Toets
5221	MIV Elisa-toets	5204, 5205	Vastende Serum Cholesterol + Triglisieriede
5232	MIV en Kotinien Elisa-toets (MIV + Kot)	5241	Cholesterol (LDL)
5204	Lukraak (nie-vastende) Cholesterol	5217	Cholesterol (HDL)
5224	Lukraak Bloedsuiker	5208	Serum Ferritin
5219	Lewerfunksietoets (GGT)	5202	Volbloedtellling (FBC)
5219	Lewerfunksietoets (ALT)	5107	Urien: Kokaiën
5219	Lewerfunksietoets (AST)	5108	Urien: Kannabis
5250	PSA	5220	Serum-kreatinien
5101	Mikroskopiese & Chemiese Urinalise (MCU)	5213	Serum-ureum
5210	HbA1C	0000	PRO-BNP
5204	Vastende Serum Cholesterol	5112	Chemiese Doopstokkie
5231	Serum Kotinien		

Let wel: Indien die kliënt 'n nie-roker is en daar is geen kotinientoets gevra nie, doen asseblief 'n kotinientoets.

ASISA MIV-toetsinligtingsblad

Indien u enige probleme het om dit te verstaan, vra die verpleegkundige of laboratoriumassistent of dokter om dit aan u te verduidelik.

Wat is my regte?

U het die volgende regte:

- 1. Om nie** sonder u vrywillige en ingeligte toestemming vir die virus wat VIGS (MIV) veroorsaak, **getoets te word nie**.
- 2. Om alle toepaslike inligting te ontvang oor die skade, risiko's en voordele** om die MIV-toets te laat doen of nie.
- 3. Om te weier om die toets te laat doen.** U aansoek vir versekering mag dan geweier word as die versekeraar 'n MIV-toets as deel van hulle risikobeoordeling vereis. U mag egter ander nie-risiko-alternatiewe oorweeg, soos uitkeerpolisie of ander suiwer finansiële produkte. Raadpleeg asseblief u finansiële adviseur.
- 4. Om voortoets-berading te ontvang**, wat privaat en vertroulik is en u meer inligting oor die toets en die implikasies daarvan sal gee voordat u toestem. Indien u enigszins onvertrou is met die betrokke kwessies, word u sterk aangeraai om voortoets-berading te ontvang. U kan een van drie opsies vir voortoetsberading kies:
 - 4.1 Om hierdie inligtingsdokument te lees.
 - 4.2 Vertroulike berading in u huistaal is vanaf 7:00 tot 19:00 op weksdae gratis beskikbaar op 'n tolvrye oproepsentrumlyn by 0800 562 562. U het ook die reg om die persoonlike voortoetsberading te weier.
 - 4.3 Persoonlike voortoets-berading deur geselekteerde laboratoria in kosmopolitaanse gebiede. Raadpleeg asseblief u finansiële adviseur in hierdie verband.
- 5. Om 'n dokter te benoem wat positiewe resultate sal ontvang.**
- 6. Dat u toetsresultaat vertroulik hanteer word.** 'n Abnormale toetsresultaat sal aan u dokter bekend gemaak word. Hierdie toetsresultaat sal ook in 'n gekodeerde vorm op ASISA se sentrale databasis bewaar word. Hierdie inligting kan slegs met u toestemming deur ander versekeringsmaatskappye gesien word. U het ook die reg om hierdie inligting na te gaan om te kontroleer dat dit korrek is.
- 7. Op een sessie van natoetsberading as die toets positief is**, op koste van Momentum.

Waarom toets lewensversekeraars vir MIV?

Onderskrywing is die grondslag van versekering om seker te maak dat elke versekerde lewe 'n premie betaal wat by die risiko pas.

Die versekeringsmaatskappy moet inligting van die versekerde lewe verkry wat dit sal help om die risiko verbonde is aan die toestaan van versekering te evalueer en om 'n geskikte premie te bepaal. Versekeringsmaatskappye ondersoek aansoekers vir lewensversekering vir ernstige siektes of gewoontes wat hulle gesondheidstoestand kan raak. Dit kan gedoen word deur vraelyste, mediese ondersoeke en ander toetse, insluitende 'n toets vir die MIV virus.

Is die toetsuitslag altyd akkuraat?

Hoewel die toetse besonder akkuraat is moet 'n mens dit net as 'n ondersoekende toets beskou en nie as 'n diagnose nie. Indien u toetsuitslag wys dat u dalk met MIV geïnfekteer is, kan u dit bevestig deur verdere toetse te laat doen.

Soos met enige biologiese toets kan vals-positiewe resultate in enkele gevalle voorkom, m.a.w. die toets wys 'n positiewe reaksie wanneer die persoon nie met die MIV virus geïnfekteer is nie. Dit is nie die skuld van die laboratorium of die versekeringsmaatskappy nie en die persoon se ware MIV-status kan vasgestel word deur verdere toetse te doen. Die versekeringsmaatskappy en laboratoria volg 'n streng protokol om potensiële onakkurate resultate uit te skakel. Om vals-positiewe resultate tot 'n minimum te beperk, word verdere toetse uitgevoer op alle positiewe resultate voordat enige resultate bekend gemaak word aan die versekerde lewe.

Wat beteken dit indien die toetsuitslag negatief is?

Indien u toetsuitslag negatief is, beteken dit dat u nie geïnfekteer is nie, of die siekte is nog in 'n te vroeë stadium om die teenwoordigheid op te merk (venstertydperk). Daar is 'n venstertydperk van een tot ses weke na die infeksie voordat 'n MIV-toets positief is.

Indien u meer as een seksmaat en/of onbeskermd seksuele omgang het, loop u 'n groter risiko om geïnfekteer te raak. Die risiko mag ook toeneem indien u 'n binnearse middels gebruik en naalde met ander deel. Dit is ook belangrik om spoedige behandeling te kry vir ander seksueel-oordraagbare siektes, bv. sifilis en gonorrhoe, wat u meer vatbaar maak vir die MIV virus.

Wat beteken dit indien die toetsuitslag positief is?

Indien u toetsuitslag positief is, beteken dit dat u met MIV geïnfekteer kan wees. U sal in kennis gestel word deur Momentum aangaande die uitslag van u polisaansoek. Alle bestaande dekking sal geldig bly. Vanaf 1 Januarie 2005, mag geen versekeringsmaatskappy MIV/VIGS uitsluitingsklousules vir nuwe besigheid gebruik nie.

Die implikasies van 'n positiewe toetsuitslag moet met u dokter bespreek word. Indien daar aangetoon word dat dit 'n vals-positiewe resultaat was, sal Momentum 'n verdere aansoek om versekering heroorweeg.

Kennisgewing van uitslag

Indien u toetsuitslag negatief is:

U aansoek sal onderskryf word en die resultate aan u bekend gemaak word.

Indien u toetsuitslag positief is:

'n Opgeleide persoon moet die inligting met u bespreek sodat u duidelik kan verstaan wat die toetsuitslag beteken. Dit is dus van die uiterste belang dat u sorgvuldig nadink oor die dokter wat die resultate moet ontvang. U sal aangeraai word om hierdie dokter te kontak.

Neem asseblief kennis dat indien u 'n brief ontvang om die benoemde dokter te kontak, dit nie outomaties beteken dat die MIV-toetsresultaat positief is nie, aangesien u dokter in kennis gestel sal word aangaande enige mediese aandoening waarvan u dalk nie bewus is nie.

Die dokter sal u dienoreenkomstig inlig.

Vir verdere hulp, skakel die vigs-hulplyn by:

0800 012 322 (Suid-Afrika) of 061 220 368 (Namibië).

Kennisgewing van uitslag

Die MIV-toetsing inligtingstuk is ook beskikbaar in die volgende 10 amptelike tale op die ASISA webwerf www.asisa.org.za: Engels, Ndebele, Sepedi, Sesotho, Swati, Tsonga, Tswana, Venda, Xhosa, Zulu.

1: Ingeligte toestemming tot MIV-toetsing

(moet deur aansoeker voltooi word)

- Ek verstaan die inligting wat in die ASISA inligtingblad vir MIV-toetsing vervat is, of deur die inbelsentrum of persoonlike voortoetsberading diens verskaf is.
- Ek stem vrywillig in dat 'n bloedmonster by my geneem mag word.
- Ek stem vrywillig in dat daardie bloed getoets mag word.
- Ek verstaan dat die uitslae van my toetse vertroulik gehou sal word buiten vir die openbaarmaking van enige positiewe uitslag aan die dokter* wat ek hieronder benoem het.
- Ek het die inligting in hierdie vorm, oor die betekenis van die toetsuitslag gelees.
- Ek verstaan dat ek my benoemde dokter vir verdere inligting en berading moet kontak indien nodig.
- Ek verstaan dat Momentum ná die toets vir een beradingsessie by die genomineerde dokter sal betaal indien ek dit verlang en indien die toetsuitslag positief is.
- Ek verstaan dat ek die reg het om 'n afskrif van hierdie vorm aan te vra en te ontvang.
- Ek verstaan dat die ASISA die besonderhede van 'n positiewe resultaat vertroulik in sy register sal bewaar.
- Ek bevestig hiermee dat al my vrae en navrae bevredigend beantwoord is.

* Naam van benoemde dokter	<input type="text"/>									
Adres	<input type="text"/>			Poskode	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>		
Telefoonnommer	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	Faksnommer	<input type="text"/>				

2: Identifikasie van versekerde lewe vir alle patologie-toetse

(moet altyd voltooi word)

Identiteitsnommer van persoon wat getoets word	<input type="text"/>										
Naam van persoon wat getoets word	<input type="text"/>										
Adres	<input type="text"/>						Poskode	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>
Telefoonnommer	<input type="text"/>	Faksnommer	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>						
Handtekening van persoon wat getoets word (Voog namens minderjarige)	<input type="text"/>						Datum	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>

3: Identifisering van en verklaring deur die persoon wat die monster neem

(moet altyd voltooi word)

Naam van persoon wat bloedmonster neem	<input type="text"/>								
Naam van werkgewer	<input type="text"/>								
Praktyknommer	<input type="text"/>								
Telefoonnommer	<input type="text"/>								

Ek het seker gemaak dat die persoon wat getoets word die ingeligte toestemmingsdokument ontvang het en dat ek die identiteit van die versekerde lewe bevestig het en dat hy/sy vrylik ingestem het om die bloedmonster te laat neem en vir MIV te toets.

In ooreenstemming met die bepalinge van die ASISA se MIV-toetsingsprotokol, het ek die volgende dokument nagegaan en die identiteit van die versekerde lewe bevestig:

<input type="checkbox"/>	Identiteitsdokument	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	Tydlike identiteitsdokument	<input type="checkbox"/>					
<input type="checkbox"/>	Suid-Afrikaanse paspoort	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	Buitelandse paspoort	<input type="checkbox"/>					
<input type="checkbox"/>		<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	Bestuurslisensie	<input type="checkbox"/>					
Handtekening van die persoon wat die monster neem	<input type="text"/>				Datum	<input type="text"/>				

Ons betaal volgens die Momentum vasgestelde tarief.

Momentum 268 Westlaan Centurion 0157
Posbus 7400 Centurion 0046 Suid-Afrika
ShareCall 0860 66 54 32
insurancemedicals@momentum.co.za www.momentum.co.za

Momentum Metropolitan Namibië Beperk
MM House 5^{de} Vloer H/v Dr Frans Indongo- & Werner Liststraat Windhoek
Posbus 3785 Windhoek Namibië
Tel +264 (0)61 297 3000 Faks +264 (0)61 297 3573 service@momentum.com.na

Momentum is deel van Momentum Metropolitan Lewens Beperk, 'n gemagtigde verskaffer van finansiële dienste en 'n geregistreerde kredietverskaffer. Reg. Nr 1904/002186/06

Reg. Nr. 89/327